higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

OPENBARE FINANSIES N6

(21010076)

20 Oktober 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

278Q1B2020

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
OPENBARE FINANSIES
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. AFDELING A is verpligtend.
2. Beantwoord slegs TWEE vrae in AFDELING B.
3. Lees al die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 'n Belastingbetaler kan nie verwag om meetbare waarde te verwag vir elke geldeenheid wat in die vorm van belasting oorbetaal word nie.

A Pro bono.
B Eksternaliteite.
C Afwesigheid van quid pro quo.
D Nie een van bogenoemde nie.

1.1.2 Dienste wat voorsien word waarvoor geen geld gevra word nie.

A Elektrisiteit.
B Verdediging van 'n nasie.
C Pensioen vir bejaardes.
D B en C.

1.1.3 Sekere liggame/persone wat vrygeskeld word van belasting …

A nie-winsinstellings.
B voormalige staatshoofde.
C oorlogsveterane.
D A, B en C

1.1.4 Maatskappybelasting vorm 'n … deel van die totale belastinginkomste van die sentrale regering.

A wesentlike
B klein
C groot
D gemiddelde

1.1.5 BTW is 'n … belasting.

A verbruiks-
B oordrags-
C waardetoegevoegde
D A en C

1.1.6 Regerings mag ook inkomste verkry uit …

A toelae.
B skenkings.
C lenings.
D Al bogenoemde.

1.1.7 Die begrotingsprosesse van die regering moet die volgende bevorder …

A deursigtigheid, aanspreeklikheid en die effektiewe finansiële bestuur van die ekonomie, skuld en die openbare sektor.
B deursigtigheid en aanspreeklikheid.
C slegs effektiewe finansiële bestuur.
D Nie een van bogenoemde nie.

1.1.8 Die begrotingsinligting van die bestedingsbegroting word geklassifiseer in terme van …

A doel van besteding, bestedingsitems en bronne van finansiering.
B finansiële verantwoordelikheid, doel van besteding, bestedingsitems en bronne van finansiering.
C bronne van finansiering en uitgawes.
D Nie een van bogenoemde nie.

1.1.9 Geld word in die bykomende begroting aangevra vir …

A nuwe aktiwiteite wat oorspronklik nie in ag geneem is nie toe die hoofbegroting opgestel is.
B bestaande aktiwiteite waarvoor die hoofbegroting onvoldoende geld voorsien.
C voorsiening van privaat dienste vir ministers.
D A en B.

1.1.10 Verskillende soorte belasting sluit in …

A inkomstebelasting
B invoerbelasting
C tariefbelasting
D A, B en C

(10 × 2) (20)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 Belasting is gewoonlik van toepassing op netto inkomste, met ander woorde die owerhede laat sekere aftrekkings toe.

1.2.2 Rente wat uit sekere beleggings verdien word, word ook van belasting vrygestel.

1.2.3 Eiendomskostes deur plaaslike owerhede bestaan uit eiendomsbelasting en diensgelde.

1.2.4 Die formaat van kapitaalbegrotings is nie gestandaardiseer nie, soos die geval by bedryfsbelasting.

Kopiereg voorbehou

v

1.2.5 Enige herverdeling van rykdom moet direk gaan om meer rykdom te skep, soos die ontwikkeling van nywerheids- en vaardigheidsontwikkeling.

1.2.6 Oor die algemeen gesproke, is daar net een doelwit met belasting: om genoeg geld bymekaar te maak om te betaal vir dienste wat deur die burgers van die land verwag word.

1.2.7 Kapitaalbesteding word spandeer met die doel om infrastruktuur te verkry.

1.2.8 Enige begroting moet ten alle tye die oorkoepelende beleid van die regering van die dag weerspieël.

1.2.9 'n Begroting is 'n finansiële staat wat beraminge van inkomste en uitgawes bevat.

1.2.10 Kortings word in berekening gebring voor aftrekkings gemaak word.

(10 × 2) (20)

1.3 Voltooi die volgende sin of sinne of paragrawe deur 'n woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Die … begroting het te make met groot projekte wat eenmalig betaal word vir die ontwikkeling van iets in die gemeenskap.

1.3.2 Die … jaar van die regeringsbegroting loop van 1 April tot 31 Maart elke jaar.

1.3.3 Die … van belastingbasis word deur die SAID bepaal.

1.3.4 Die … begroting is afdwingbaar totdat die hoofbegroting in plek is.

1.3.5 Die deel van inkomste of rykdom wat onderworpe is aan belasting word die … genoem.

1.3.6 'n Situasie wanneer 'n bedryf binne 'n land gesubsidieer word lei tot …

1.3.7 Kwytskelding verwys daarna dat sommige instellings of nie-winsgewende ondernemings toegelaat word om nie belasting te betaal nie solank hulle geen ... maak nie.

1.3.8 'n Voorbeeld van … -koste is huur wat betaal word vir die gebruik van eiendom in staatsbesit, soos sportfasiliteite.

1.3.9 Die welvaartbelasting wat jy betaal wanneer jy grond en geboue besit word genoem …-belasting.

1.3.10 … sisteem beteken dat die belastingkoers met inkomste styg, en herverdeling van welvaart outomaties plaasvind.

10 × 2) (20)

Kopiereg voorbehou

1.4 Kies die korrekte woord of woorde uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.4.1 Die regering van die dag kan besluit om (monetêre/fiskale) beleid te gebruik om ekonomiese groei te stimuleer.

1.4.2 Staatsbegroting moet gedig wees vir (6 maande/12 maande).

1.4.3 Belasting wat op persoonlike eiendom gehef word, word (hereregte/seëlreg) genoem.

1.4.4 Aksynsbelasting word dikwels (sonde-/eiendoms-) belasting genoem.

1.4.5 Mynregte en lisensies van verskillende aard word geklassifiseer onder (gebruikerkoste/nominale heffings).

1.4.6 Heffings op ingevoerde produkte word (oordragte/inkomste) vir die regering.

1.4.7 Die finansieseenheid van elke regeringsdepartement moet 'n geskrewe (program/motivering) verslag met beramings voorsien.

1.4.8 (Korporatiewe inkomstebelasting/Persoonlike inkomstebelasting) is verantwoordelik vir die meeste van die staat se inkomste.

1.4.9 'n Gedifferensiële belastingstruktuur voorsien dat (maatskaplike verantwoordelikheid/inflasie) beperk word.

1.4.10 'n (Skatkis/Begroting) is 'n finansiële staat wat beramings van inkomste en besteding bevat.

(10 × 2) (20)

Kopiereg voorbehou

1.5 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n woord of item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.5.1	Persoonlike belasting	A	werkloosheidsversekering
1.5.2	Fiskale sleuring	B	begrotingsjaar
1.5.3	Bydraes	C	is verantwoordelik vir die grootste deel van staatsinkomste
1.5.4	Begrotingsjaar	D	bevorder ekonomiese ontwikkeling
1.5.5	Verbruikerstariewe	E	byvoorbeeld watervoorsiening
1.5.6	Nominale heffings	F	wanneer inflasie hoër as 8% is
1.5.7	Insentiewe	G	gebruikerskoste
1.5.8	Ex post facto-kontrole	H	kontrole na die gebeure
1.5.9	Spanning	I	politieke aspirasies
1.5.10	Inkomste	J	geldbron
		K	kontrole voor die gebeure

(10 × 2) (20)
[100]

TOTAAL AFDELING A: 100

AFDELING B

Beantwoord slegs TWEE VRAE uit hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 Die begrotingstoespraak word elke jaar op die tweede Woensdag van Februarie in die Parlement deur die Minister van Finansies gehou. Ministers en departementshoofde word aangeraai om finansiële aanspreeklikheid te beoefen wanneer hulle met openbare geld werk. Bespreek die begroting onder die volgende:

2.1.1 Noem DRIE persone/beamptes aan wie mag of bevoegdheid deur die Wetgewer gegee word om staatsbesteding te beheer. (3)

2.1.2 Voorafkontrole (4)

2.1.3 Ex post facto-kontrole (4)

2.1.4 Belastingvrystelling (2)

2.2 Beskryf enige VYF items of onderwerpe waaroor die Minister van Finansies sal praat of dek as aanhef tot sy Begrotingsrede. (5 × 2) (10)

2.3 Bespreek VIER bronne van staatsinkomste. (4 × 3) (12)

2.4 Beskryf enige VYF belastingheffings wat op plaaslike regerings van toepassing is. (5 × 2) (10)

2.5 Waarvoor staan die volgende afkortings?

2.5.1 SAID

2.5.2 AVB

2.5.3 LBS

2.5.4 WVF

2.5.5 NBP

(5 × 1) (5)

[50]

VRAAG 3

3.1 Die beginsels van goeie regering wat van toepassing is op die uitvoerende en administratiewe liggame is ook van toepassing op plaaslike regering.

Noem en bespreek die TWEE tipes begrotings wat in plaaslike regering gebruik word. Gee 'n voorbeeld van elke tipe. (10)

3.2 Noem en beskryf kortliks TWEE verskillende soorte belasting. Illustreer jou antwoord met een toepaslike voorbeeld van elk. (10)

3.3 Gee 'n oorsig van die stappe of fases wat ter sprake is in die begrotingsiklus. (8)

3.4 Verduidelik die *ekonomiese regulatiewe funksie*. (8)

3.5 Wat verstaan jy onder die term *nominale heffings* vir 'n individu? (2)

3.6 Onderskei tussen *gebruikerskoste* en *verbruikerstariewe* en gee ook een voorbeeld van elk. (6)

3.7 Maak 'n lys van DRIE spesiale vrystellings wat gebruik word om ekonomiese ontwikkeling te bevorder. (3 × 2) (6)

[50]

VRAAG 4

4.1 Die begroting raak 'n bedryfsprogram as die begrotingsdebat afgehandel is.

Noem VYF belangrike maniere hoe die begroting gebruik word om besteding te kontroleer. (5 × 2) (10)

4.2 Beskryf die VIER kriteria wat gebruik word om die kapitaalbegroting te prioritiseer. (4 × 2) (8)

4.3 Dui die VIER begrotingskwessies en -probleme tydens die kapitaalbegrotings-proses aan. (4 × 2) (8)

4.4 Maak 'n lys van enige TWEE eksterne bronne van kapitaal. (2 × 2) (4)

4.5 Noem DRIE belangrike funksies van invoerreg. (3 × 2) (6)

4.6 Verduidelik hoekom werknemers inkomstebelasting moet betaal. (4)

4.7 Noem die VYF hoofstappe in die ontwikkeling van 'n beleidsbedryfprogram. (5 × 2) (10)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou